landgenote was sy met haar geringe lewensgeleenthede 'n sendingliefhebber wat alle moontlike sendinginformasie ingesamel en toegepas het. Op hierdie wyse het die jong Fritz as kind alles daarvan gehoor en het die begeerte om self eendag sy lewe aan die sendingtaak toe te wy, reeds baie vroeg in hom ontstaan. Dit het hy dan ook reeds as agtjarige aan sy gesin meegedeel en later weer as veertienjarige, sodat selfs sy vader wat eintlik 'n andersdenkende was, daarvan kennis geneem het.

Na hierdie jare was dit veral die jong pastor Ewald Edelhoff (my broer Ewald is na hom vernoem) wat jare lank sy vertroueling geword het en baie gedoen het om hom aan te moedig op sy ingeslane weg. Herhaaldelik het die jongman sy lewensdoel uit die oog verloor, maar is hy weer teruggelei, sterk beïnvloed deur sy moeder en pastor Edelhoff.

Toe ek destyds Rosenberg besoek het, was ek nuuskierig om te weet waar Friedensberg is, die kerk wat Papa-hulle bygewoon het. Die pad daarheen het ek gou gevind en toe voetgeslaan daarheen. Sover ek my kon herinner, was dit net die kerk en pastorie wat daar gestaan het. Rondom was landbougebied met 'n redelike groot melkverwerkingsfabriek nie ver daarvandaan nie. Ek het toe ook die predikant daar opgesoek en besonderhede van hom ontvang in verband met Papa se familie. Daardie dokument is ongelukkig nie meer in my besit nie. Vanaf Rosenberg is ek met die trein verder na die Russiese grens, want ek wou graag die Hindenburg-gedenkmonument sien. Dit is op die plek waar die ou Maarskalk die Russe in 1917 finaal verslaan en tot oorgawe gedwing het. Hy is ook daar begrawe, maar dit is seker alles met die grond gelykgemaak!

Intussen het Papa sy opleiding as kuiper – "scheffler" – voltooi in sy strewe om hom voor te berei vir opname in die Berlynse Sending se teologiese seminarium. Na voltooiing van sy diensplig in die Duitse leër het hy hom dan ook heelhartig op sy studie toegelê en is hy na voltooiing daarvan uitgeplaas as sendeling te Gutu, in die huidige Zimbabwe. Dit was een van drie Duitse sendingstasies wat in 1907 deur die NG Kerk, Kaapland, oorgeneem is om deel te vorm van die bekende Shona-sending met Morgenster as hoofstasie.

Dit was hier waar hy as jong sendeling die eensaamheid van 'n kluisenaarsbestaan ondervind het. Na lang gebed wend hy hom tot sy ou pastor om hulp. Daar begin toe die wonderlike verhaal van twee jongmense, albei met een groot doel voor oë naamlik om die Meester te verheerlik en beskikbaar te wees daar waar die Here hulle heen sou lei. Fritz rig 'n brief aan pastor Edelhoff om hom by te staan in die vind en keuse van 'n jong meisie wat kans sou sien om, as gevolg van haar vertroue op die Here en haar begeerte om Hom volkome te dien, bereid sou wees om haarself aan die jong sendeling toe te vertrou en die vreemde Afrika in te gaan as bruid van Fritz Scheffler.

Wat nou sou volg, word volledig beskryf in die boekie *Liewe Lydia - Liewe Fritz,* 'n versameling en verkorting van hulle liefdesbriewe oor die jare 1905-1906.

Uiteindelik is hulle nie op Gutu, soos oorspronklik besluit, in die huwelik bevestig nie, maar in die St Martini-kerk in Langstraat, Kaapstad toe hulle twee mekaar vir die eerste keer in persoon te sien gekry het.

Weens die feit dat Fritz nie minder nie as drie aanvalle van die gevreesde en dodelike swartwaterkoors oorleef het, het dr Helm te Morgenster hom ernstig aangeraai om die land te verlaat. Terselfdertyd is in Berlyn vasgestel dat Lydia 'n lekhart het en haar beslis nie in die trope kon vestig nie. Bygevolg is hulle planne heeltemal verander en is besluit dat hy haar in Kaapstad sou ontmoet en dat hulle daar in die huwelik bevestig sou word. Dit het dan toe ook plaasgevind toe sy op 29 September 1906 in Kaapstad aan wal gestap het en deur pastor Fuchs met Fritz in die eg verbind is.

Die tydperk wat hulle vir mekaar gespaar gebly het vanaf September 1906 tot Oktober 1937 was diep gelukkige lewensjare, hoofsaaklik omdat albei steeds net die een groot lewensdoel voor oë gehou het, dit ten spyte daarvan dat Mama kort na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog tot aan haar dood aan Parkinsonsiekte gely het. Uiteindelik is sy as gevolg van 'n hartaanval oorlede.

Miskien moet ek tog noem dat, kort na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914, die polisiehoof op Uniondale – ons distriksdorp toe ons op Haarlem woonagtig was – nie kon verdra